GRAAD R

AKADEMIE

DIE VOLGENDE VAKKE WORD ONDERRIG IN GRAAD R

- Afrikaans
- Wiskunde
- Lewensvaardigheid
- Skaak
- Robotika

Akademiese vordering

Graad R-leerders ontvang aan die einde van elke kwartaal 'n vorderingsverslag. Oueraande vind plaas in die tweede week van elke kwartaal.

Toetsing vir skoolgereedheid kan deur 'n Opvoedkundige Sielkundige gedoen word indien daar twyfel by die onderwyseres of by u as ouer is. Let wel, indien 'n leerder hul Graad R-jaar moet herhaal moet hy/sy deur 'n Opvoedkundige Sielkundige geassesseer word.

Daar is ook 'n Arbeidsterapeut, Spraakterapeut en Spelterapeut op die skoolgronde beskikbaar indien terapie benodig word.

RIGLYNE VIR WAT 'N GRAAD R-LEERDER GAAN BEMEESTER

Die onderstaande inligting is slegs riglyne vir wat daar van 'n Graad R-leerder verwag word om te kan doen teen die einde van hul Graad R jaar.

- Basiese lewensvaardighede
- Selfstandige optrede
- Goeie sosiale vaardighede
- Goeie algemene maniere
- Goeie persoonlike versorging

GRAAD R

AKADEMIE

Taal

- Herken die letters van die alfabet
- Ouditiewe herkenning van begin- en eindklanke
- Kan verskille ouditief herken
- Kan vrae oor stories antwoord en stories oorvertel
- Praat in mooi vol sinne met genoegsame woordeskat
- Kweek ‘n liefde vir lees deur die aanhoor van stories

Wiskunde

- Ken ouer se selfoonnommer
- Ken eie adres en verjaarsdagdatum
- Herken syfers 1-10
- Kan + en – somme met tellers doen tot by tien
- Ruimtelike bewustheid (bo/onder, agter/voor en links en regs)
- Ken al die kleure en vorms
- Gaan leer om ‘n 35 – stuk legkaart te bou
- Begrip van tyd (gister, vandag en môre)
- Begrip van lengte, massa en volume
- Onderskei tussen voor- en agtergrond
- Kan ooreenkomste en verskille identifiseer
- Sortering en versameling van voorwerpe

GRAAD R

AKADEMIE

Fynmotoriese ontwikkeling

- Korrekte potloodgreep
- Skryf eie naam
- Korrekte hantering van ‘n skêr
- Tussen lyne inkleur
- Skeur en plak
- Manipulering van klei

Grootmotoriese ontwikkeling

- Huppel, gallop, eenbeen spring en balanseer
- Oor en onder hindernisse beweeg
- Touspring
- Gooi, vang, skop en slaan van verskillende grootte balle
- Middellynkruising

Die mylpale hou verband met die kind se ontwikkeling op vier vlakke:

- Sosiaal en emosioneel
- Perseptuele ontwikkeling
- Fisiese mylpale
- Intellektuele ontwikkeling

LARDIES OPEDAG